

11 Oktober - SKULD

Skrifgedeelte: Matteus 18:21-35

Fokusgedeelte: Matteus 18:21

Dit is 'n hartseer feit dat baie mense se lewens onder ander se beheer staan. Hulle is onder afstandbeheer, word soos marionette gemanipuleer. Soms word hulle selfs nog uit die graf geregeer. Dit gebeur wanneer mense nie in staat is om ander te vergewe nie – 'n ouer, 'n broer of suster, 'n onderwyser, geweldenaar. Want ja, dit is nie asof mense nie skuld het teenoor ander mense nie. Ons is immers sondaars en maak ander seer en kom hulle te na en word self seergemaak.

Petrus is baie vrygewig in sy vraag of sewe keer se vergiffenis genoeg is – die Joodse gebruik was om drie keer te vergewe. Maar Jesus se antwoord impliseer: oneindig. Altyd weer en weer. Dis nie 'n maklike opdrag nie! Behalwe as jy sien waarin Jesus hierdie opdrag anker. Hy vertel 'n gelykenis – dié van 'n koning wie se amptenaar hom baie skuld, en as die amptenaar nie kan betaal nie, word die skuld deur die koning kwytgeskeld. Die kwytgeskelde amptenaar het 'n mede-amptenaar wat hom in vergelyking maar 'n paar rand skuld. En as die tweede amptenaar smee om kwytskelding, weier die eerste amptenaar. Die insident word aan die koning oorgedra, en daar staan “Die koning was *woedend* en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het.”

In hierdie gelykenis is die koning verteenwoordigend van God self, wat al ons skuld ter wille van die bloed van Christus vergewe. Elke vrygespreekte gelowige word voorgestel deur die eerste amptenaar, en die mede-amptenaar is die mense wat iets teenoor my en jou verskuldig is, die mense wat ons kwaad en leed aandoen.

Die gedeelte eindig deur dit duidelik te stel: die Vader sal ons *martel* as ons nie bereid is om te vergewe soos Hy vergewe nie! Ja, ons lewens kan in chaos verval as ons nie bereid is om te vergewe nie.

Is daar nie dalk iewers in jou lewe iemand met wie jy in kontak moet kom nie?

Sing: Skrifberyming 10-2

Dr AJ Krüger (Benoni)